

Vrydag 23 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 19:1-10

Fokusgedeelte: Openbaring 19:7

Verheug jou byvoorbaat oor die val van Babilon!

Die sedelose vrou, Babilon, is as bondgenoot van Satan verantwoordelik vir baie tranes wat in huise gehuil word. Jy het haar leer ken in Openbaring 17 en 18.

Daarom spreek dit vanself dat jy as deel van jou Christelike toekomsverwachting hunker na die dag waarop Babilon volledig deur God vernietig sal word. Hier ontvang jy nou die sekerheid: Die dag kom! Jy mag daarop reken. Kyk na die effek wat haar onomkeerbare val het op die hemelse leërskaars:

- Die ENGELE, die vier-en-twintig OUDERLINGE en die vier GERUBS breek in “Hallelujas!” uit.
- En die SOLOSTEM by die troon roep elke burger van die koninkryk op om God in koorsang te loof.

Die vier maal herhaalde “Halleluja!” (“Prys die HERE!”) onderstreep vir ons die omvattende vreugde van die hemelse skare en die feit dat hulle die volle eer van die oorwinning slegs aan die HERE wil gee. En die rede vir hierdie vreugde? Die feit dat die bruilof van die Lam en sy aardse bruid ... die duur gekoopte kerk ... nou, ná die val van Babilon, kan aanbreek!

Oormôre is dit weer Kersfees. Dan mag ons as bruidskerk met dankbaarheid terugkyk op die menswording van ons Verlosser en Bruidegom, Jesus Christus. En vanaf die krip mag ons kyk na die kruis, waar Hy vlak in die dertig jaar later sy lewensbloed as losprys gegee en Homself onomkeerbaar aan sy aardse bruid verloof het.

Laat ons ook vorentoe kyk na die wederkoms en die bruilofsfees waaraan nooit weer ’n einde sal kom nie. En laat ons ons in die kort wagtydjie wat nog voorlê vlekkeloos bewaar van die verontreinigende invloede van Babilon! Ons Bruidegom het immers sy kosbare bloed gegee om ons bruidstabberd vlekkeloos skoon te was. Is dit nie die minste wat van ons gevra kan word ... dat ons dankbaar oor ons reinheid sal waak nie?

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 2, 3, 4, 5

Ds. JJ Cloete (Koos) (emeritus)